Downloaded from Stanmorephysics.com

# KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

## JUNIE – EKSAMEN - 2018

## VRAESTEL 2 - LETTERKUNDE

**GRAAD : 11** — **PUNTE : 70**

**EKSAMINATRISE : S.REDDY** — **TYDSDUUR : 2 UUR**

**MODERATRISE : P. SINGH** — **DATUM : 08 /06/2018**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**Instruksies:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 2 afdelings:
   Afdeling A : Poësie (35)
   Afdeling B : Kortverhaal (35)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Bestee 30 min. vir elke vraag
4. Volg alle instruksies deeglik.
5. Skryf netjies en leesbaar.



Blaai om… AFDELING A

## AFDELING A : POESIE

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:**


**Vraag 1**

### Oppie Cape Flats

Oppie Cape Flats waar dit crowded is
en djy skaars die hiemel boe kan sien
Waa snotnies laaities haastig oor biesagie
strate virrie karre moet saaidstep
Waar die girlies nog moet rollers innie
hare innie strate loep …
Waar 'n mens glattie lekke asem kan kry
nie oorrie dagga fumes innie lug …
en God van djou vegiet het!
Daa het ek opgegroei, my broe

En as ek innie propvol tronk sit
en kopvriet oo' my crimes, dan droem
ek vannie nice time:
vannie lekke disco's …
ennie daylight robberies …
ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat!

Oppie Cape Flats, waar dit crowded is
en djy glattie vêr kan sien oorrie baie shacks
(Die buttons se blou rock lat djou oë soema traan)
Daa wag my mense nog vir my,
wag al vi siewe djaar!
Ma as die ve'lange na my family stêk wod en
ek hoo die guard se slietels raas,
dan wish ek soe ek was by my laaitie
om hom te warn tien 'n liewe soes myne!
Dan soek ek in my mind al die tye
op waa ek skiefgetrap het asse laaitie.



**Vrae:**

**1.1 Watter soort spreker kom voort in hierdie gedig?** **(1)**

**1.2 Waarom kan jy nie ver in die hemel sien nie. Gee 2 redes.** **(2)**



**Blaai om… 1.3**

1.3 Haal twee agtereenvolgende woorde aan om te beskryf waar die spreker is. (1)

1.4 Verduidelik wat die volgende versreël beteken :

"en kopvriet oo' my crimes, ..." (1)

1.5 Noem 2 dinge waaroor die spreker droom. (2)

1.6 Waarom word "Oppie Cape Flats, waar dit crowded is" twee keer herhaal? (1)

1.7 Bespreek die funksie van die uitroepteken (!) in versreël 9 en 21. (1)

1.8Haal 'n versreël aan wat beklemtoon dat die spreker na sy seun verlang? (1)

1.9 Wat is die tema van die gedig? (1)

1.10 Sal jy die spreker vir sy misdade vergewe? Sê Ja of Nee en motiveer jou antwoord. (1)

1.11 As jy die spreker sien, watter raad sal jy aan hom gee. (1)

1.12 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die alfabet langs die nommer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 Die taal in die gedig. | A dwelms |
| 1.12.2 Sosiale probleem | B gevangene |
| 1.12.3 Spreker in die gedig. | C Kaapse Taal |
| 1.12.4 Spreker het hier grootgeword. | D Spreker se "nooi" |
| 1.12.5 Myra | E Kaapse Vlakte |
| | F Spreker se vrou |
| | G Hoëveld |
| | (5) |

(18)

 Blaai om... Vraag 2

## Vraag 2


**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

*Die snoek*

Ons in die roeiboot, *jý*
die roeier, sê hoe om te maak
met die handlyn: gee kort rukkies
en as *jy* een voel, ruk vinnig, hard. Pluk
hom in die boot, gryp
– versigtig vir die tande!
– en druk hom onder jou arm in vas
vir die hoekuithaal
en die nekbreek.

Maar hoe kon ek weet
hy's so vasgebyt aan die lewe
meer nog as aan die hoek?
hy sou veg met sy hele lyf,
sy stert sou swingel
sy kiewe gulp
na waterlug, sy oë
snags sou aanhou staar?

*Nico, Elandsbaai*



## Vrae:

**2.1 Haal EEN woord uit die gedig aan wat sê dat die spreker ook in die roeiboot is?** **(1)**



Blaai om…2.2

2.2 Watter versreël sê vir jou wie die instruksies in die roeiboot gee? (1)

2.3 Waarom gee dié persoon instruksies? (1)

2.4 Sê waarom die volgende stelling Onwaar is. Haal 'n versreël aan om jou antwoord te motiveer.

Die snoek het onmiddellik gesterf. (1)

2.5 Haal TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan wat wys dat die snoek nie stadig gevang moet word nie. (1)

2.6 Waarom moet die vissers versigtig vir die snoek se tande wees? Noem 2 dinge. (2)

2.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die antwoord

2.7.1 Die woord "maar" in versreël 10 is 'n voorbeeld van die beeldspraak (personifikasie, verandering, metafoor) (1)

2.7.2 'n Snoek is n (rooi, swart, silwer) vis. (1)

2.8 Wat is die funksie van die enjambement in versreël 4 en 5? (2)

2.9 Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die alfabet langs die nommer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.9.1 handlyne | A. alliterasie |
| 2.9.2 "Sy stert sou swingel" | B. dui op tydsverloop |
| 2.9.3 wit spasie in versreël | C. word gebruik om snoek te vang |
| 2.9.4 beweging van vis | D. assonansie |
| | E. spartelende aksie |
| | F. metafoor |

(4)

2.10 Watter belangrike les leer jy uit hierdie gedig? (2)

(17)

(35)



Blaai om...AFDELING B

## AFDELING B : KORTVERHALE

**Beantwoord die vrae oor AL TWEE van die volgende kortverhale**

**Vraag 3 : Padkamp**

**Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg:**

> Wanneer hulle klaar geëet het, bly van die mans in die koelte van hulle lorries lê met 'n hoed of 'n koerant oor hulle gesigte getrek. Van die jonges begin 'n bal rondskop. Haar pa val ook in en Antjie dwaal weg met die boek wat sy saamgebring het.
>
> 'n Entjie verder gaan sy in die skaduwee van 'n paar doringbome sit en lees.
>
> "Psst," skrik sy toe 'n klippie langs haar val. Sy kyk op en "psst" hoor sy weer.
>
> Van agter die stam van 'n koorsboom staan 'n skeeloogman haar en beloer.

**3.1 Wie is die 'skeeloogman' wat Antjie beloer? (1)**

**3.2 Waarom het Antjie se pa haar teen hierdie man gewaarsku? (1)**

**3.3 Beskryf Antjie se gevoelens oor die man wat haar van die "skeeloogman" gered het? (1)**

> Sy is bly dat haar pa en ant Molly so gemaklik is met mekaar. 'n Mens sou dink hulle is getroud, haar *handsome* pa en ant Molly wat vanaand soos 'n filmster lyk in 'n sjiffonrok wat aan haar bolyf kleef en om haar kuite uitwaaier. 'n Mens sou oom Boy vir ant Molly se pa kon aansien, veral wanneer hy so aankarring met dieselfde ou storie. Oor en oor soos 'n brommer teen 'n ruit.
>
> Teen tienuur knipoog ant Molly vir Antjie. Dit is hulle teken dat sy nou die teegoed kan regkry. Antjie wens dat sy ant Molly se *bone china* kon leen toe sy die tee skink in haar pa se koppies waarvan nie een by 'n piering pas nie. Toe sy Ryno se melktert aangee, vat sy vingers hare oor die rand van die bordjie vas. Sy durf nie na hom kyk nie, en lank nadat sy reeds weer in haar hoekie sit, gloei haar hele hand nog.

**3.4 Wat doen oom Boy en ant Molly op Saterdagaande? (1)**

**3.5 Wat is die verhouding tussen oom Boy en ant Molly? (1)**

**3.6 Haal twee aparte woorde aan om Antjie se pa en ant Molly se voorkoms te beskryf? (2)**



**Blaai om…3.7**

3.7 "'n Mens sou dink hulle is getroud, haar handsome pa en ant Molly…"

Waarom, dink jy, is die bogenoemde stelling ironies? (1)

3.8 <u>Sê wie die volgende stellings gesê het</u>

3.8 1 "Girlie, kom jy of moet ek jou kom haal."

3.8.2 "Ons danse is baie spesiaal"

3.8.3 "Ek het jou pa belowe dat ek jou sal uitlos tot jy groot is."

(3)

3.9 <u>Pas Kolom A by Kolom B. Skryf net die alfabet langs die nommer.</u>

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.9.1 ant Molly | A. Protagonis |
| 3.9.2 Antjie | B. oom Boy |
| 3.9.3'n Heer met fyn maniere | C. antagonis |
| 3.9.4 Padkamp is naby die dorp | D. Skeelkoos Willemse |
| 3.9.5'n Persoon wat met'n slang vergelyk is | E. Malelane |
| | F. Ryno |
| | G. Lourenco Marques |

(5)

3.10 Hoekom, wou Antjie nie met Ryno aan die einde van die dans praat nie? (1)

3.11 Sê hoekom die volgende stelling onwaar is.

Ant Molly was bly toe Antjie haar vermy het wanneer Antjie die Padkamp verlaat het. Gee'n rede vir jou antwoord. (1)

(18)



Blaai om…Vraag 4

## Vraag 4 : Koning van die Townships

**Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord die vrae wat volg:**

Dit was nie heeltemal onverwags nie toe Seppie, 'n atleties-geboude sewentienjarige graad 11-leerder, op daardie triestige Junie-oggend sy boeke op meneer Brydon, sy rekeningkunde-onderwyser, se tafel kom plaas het met die woorde: "Dis nou *final*." Menige keer, as Seppie voor skool by sy klas ingeglip het om privaat met hom te gesels, het hy al gedreig om die skool te verlaat. Fier en trots het hy daar gestaan – nie die bedremmelde, patetiese figuur van iemand wat so pas handdoek ingegooi het nie.

Nie heeltemal onverwags nie, want hy ken tog Seppie se omstandighede in Elsiesrivier se flatse baie goed – 'n werklose pa en 'n dronk ma. Hy het nie veel aandag aan Seppie se woorde geskenk nie; hy is 'n oorwerkte onderwyser met oorvol klasse – Seppie is maar een van vele leerders wat die skool vroeg verlaat, en watter verskil sou nog een skollie in Elsiesrivier tog maak? Of miskien was Seppie se geval anders, juis omdat hy een van sy meer intelligente leerders en kaptein van die rugbyspan was. Hy weet dat Seppie 'n gebore leier is en dat hy met die nodige hulp en leiding 'n belangrike leier in die gemeenskap sou kon word.

**Vrae:**

**4.1 Wie is die verteller in hierdie verhaal?** (1)

**4.2 Waar speel hierdie verhaal af?** (1)

**4.3 Haal EEN woord aan om Seppie se voorkoms te beskryf.** (1)

**4.4 Waarom het Seppie in graad 11 skool verlaat?**

**Noem 2 dinge.** (2)

**4.5 Hoe het Seppie "Koning van die Townships" geword?** (1)



**Blaai om…Die skrif**

Die skrif was seker reeds aan die muur toe hy opgehou het om rugby te speel sodat hy smiddae en naweke as taxi-*guard* kon gaan werk – vir geld wat sy ma en pa in elk geval uitsuip.

Uit blote nuuskierigheid besluit meneer Brydon om die begrafnis by te woon, alhoewel sy gesonde verstand vir hom sê dat dit riskant is, want as die ander bendes jou by so 'n begrafnis sien ... Soos een van die familie gaan plaas hy ook 'n blommetjie op die oorledene. Hy is net besig om so by homself te reken dat dit 'n mooi lyk is – want hy het 'n pragtige pak klere en das aan en sy vingers, waar dit voor sy bors gekruis is, het elkeen 'n goue ring aan – toe hy in die lyk se gesig kyk. Groot en duidelik is op sy voorkop uitgetatoeëer: "Kyk vir jou ma se #$&."

Die grootste gedeelte van die diens gaan by hom verby, maar hy hoor darem die pastoor praat van Kain en Abel, Bybelse *gangs* en Brother Mo' wat 'n Egiptenaar vermoor het, maar die hemelpoorte in is.

Snaaks genoeg, Seppie het nooit by enige spesifieke groep of bende by die skool aangesluit nie, alhoewel hy beslis nie 'n alleenloper was nie. Sy vriendekring was wyd as gevolg van sy gewildheid as rugbyspeler.

**4.6 'Die skrif was seker reeds aan die muur...'**

**Verduidelik die bogenoemde reël binne konteks van die verhaal (2)**

**4.7 Haal 2 opeenvolgende woorde aan wat Seppie se dooie liggaam beskryf. (1)**

**4.8 Waarom, dink jy, het ouers nie hulle kinders skool toe gestuur nie? (1)**

**4.9 Hoe het Seppie in die tronk beland? (1)**

**4.10 Op watter manier word Seppie in die tronk doodgemaak? (1)**

**4.11 Seppie het in die verlede baie misdade gepleeg. Hoekom was hy nooit daarvoor gevonnis nie?**
**(1)**

**4.12 Watter belangrike les leer jy uit hierdie kortverhaal? (1)**

**4.13<u>Rangskik die gebeure in die korrekte volgorde soos dit gebeur het. Skryf net die korrekte alfabet langs jou antwoord</u>**

**A) Seppie is in hegtenis geneem.**

**B)'n Konvooi splinternuwe BMW'S lei die lykwa**

**C) Die radio, nuusblaaie was vol van berigte oor Seppie. (3)**

**(17)**

**[35]**



GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MRS R PANDAY